# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

# NAGMAAL

## Hou jou oog op Jesus

**Skriflesing:**
Hebreërs 12
(1983)

**Teksvers:**
Hebreërs 12:1,2

**Sing:**
Sb 1-1:1,2
Sb12-2:1,2,3
Ps 119:11,19
Sb 5-3:1,2
Sb 17-3
Ps 116:1, ...
Ps103:1,3,11
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Die lewe van die nuwe mens in Christus is soos 'n wedloop wat volharding vereis.

Die wedloop van die geloof is egter nie 'n resies, soos 'n naelloop om te kyk wie eerste of die beste is nie. Dis veel eerder 'n uitdagende en uitmergelende marathon, maar dan 'n wedloop waarin ons gelukkig nie alleen hardloop nie.

Dink aan die skare om die baan of op die paviljoen wat jou aanmoedig, en dan boonop die ander gelowiges wat saam met jou hardloop en jou motiveer en aanpor. Nou moet ons net dissipline toepas en fokus! Fokus op Jesus want Hy is ook nog deel van die wedloop.

**SONDAGAAND 18:00**

## Hy wat ons Roep is getrou

**Skriflesing:**
1 Tessalonisense 5:8-28
(2020)

**Teksvers:**
1 Tessalonisense 5:23

**Sing:**
Ps 105:1,2
Ps 93:1,4
Ps 23:3
Ps 116:1,...
Ps 68:1,9
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Die werk wat God in ons begin, laat Hy nooit halfpad nie, Hy voltooi dit. So kan ons getuig en so is die opdrag aan die gelowiges in Thessalonika, om te volhard in die geestelike dissiplines van 'n lewe in gemeenskap met Christus.

Wees altyd bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar. Blus die Gees nie uit nie. Met hierdie opdragte kom 'n volkome lewe van heiligmaking, deur Hom wat ons vir Homself heilig. Hy wat ons roep is getrou, Hy sal dit ook doen.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 49** **Nr 39** **24 November 2024**


# Jubel in die Here

Die almagtige Here red sy kinders uit die ergste krisis

**Skrifgedeelte:** Eksodus 13:17-22 **Fokusgedeelte:** Eksodus 13:18, 21-22

Die krisis waarin Israel beland het, met die see voor hulle en die Egiptiese magte wat hulle van agter inhaal, het klagtes van twyfel en ongeloof ontlok. Moses kry egter van God die versekering dat Hy hulle sal verlos, tot verheerliking van sy Naam. Daarom word die Israeliete opgeroep om nie bang te wees nie. Hulle moet net stil wees en die verlossing aanskou. Daarby moet hulle mooi kyk, want hulle sal die Egiptenare nooit weer so sien nie.

Mens kan dieselfde ding op twee maniere sien. Wie in ongeloof na die aardse omstandighede kyk, kom een of ander tyd in 'n krisis. Wie gelowig daarna kyk, word stil en sien hoe God in sy almag daaroor seëvier.

Vroeër het die Israeliete gesien hoe hulle eie seuntjies in die water van die Nyl sterf. Nou sien hulle hoe die sterk manne van Egipte in die waters van die Skelfsee sterf. Die Here red hulle uit die hand van die Egiptenare. Intussen sien hulle die magtige daad (hand) van die Here oor die Egiptenaars.

By ons kom so maklik twyfel oor God en sy almag om ons werklik in krisisse te help. Twyfel kom so maklik by die oproep tot geloof, veral as jy nog niks sien nie. Nou het Israel weer gesien. Dan vrees hulle God en glo weer in Hom. Die evangelie van ons Here Jesus Christus word gedra deur sigbare getuies. Boonop word dit ook deur die Heilige Gees in ons harte bevestig deur sy Woord en sakramente. Laat ons dan ook bid: Gee my geloof om alleen in God te glo wat my in sy genade en almag uit die grootste krisis van sonde, ja die dood en hel verlos het. Laat ek dankbaar in u jubel.

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)

*Uittreksel uit Dagstukkies van die Almanak 2025. Beskikbaar by die kerkkantoor @ R130*

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614** Basdenlaan 226
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00* Lyttelton
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Gereformeerde Kerk Centurion
Groei na Christus

**Die nuwe lewe in Christus!**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

| KOLLEKTES | | |
|---|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens) | Vandag: **Kerkkas** (by die deure) | **Instandhoudingsfonds** |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Emeritaatsversorging** | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



## VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie:**

Oudl: Tertius Horak

Diak: Pieter van der Dussen (Jnr), Ignatius du Preez, Cobus de la Porte

**Onthef van die roeping:** Oudl: Juan Nagel, Ricus Coetzee, Gerrit Beumer, Anton vd Bijl
Diak: Alwyn Kotzé

**Ontslag** word toegestaan op **19 Jan 2025** tydens die aanddiens, aan:

Oudl: Hannes Holtzhauzen, Marcel Wilson

Diak: Juan Nagel, Wynand Loots, Christopher Fourie (reeds toegestaan)

## Attessake soos op 21 Nov 2024


**Met attestaat aangesluit**
Jan Faber van GK Lyttelton (A05)
Mukesh Kumar van GK Cachet (E01)
Leoné Johl van GK Wapadrant (B16)
Danie en Monique Meiring van GK Pretoria (B10)
Leendert en Elize Snyman van GK Hartbeespoort (C14)
Elmo en Zillah Johl en 1 dooplidmate van GK Wapadrant (B16)
Hendrik en Quinzelle Snyman en 2 dooplidmate van GK Hartbeespoort (C14)

**Opgeneem**
Jolindé Bezuidenhout (A/B)
Chantelle Pretorius van Herv Kerk (B02)
Josia Gerber van Ou Apostoliese Kerk (C13)
Karmi Mulder van CRC Pta-oos (A/B)
Colett Sevenster en 1 dooplidmaat van GK Wapadrant (B16)
Eddie en Jolande Bezuidenhout en 2 dooplidmate van HK Zwartkop (A/B)

**Met attestaat vertrek**
Sonia Maritz na GK Meintjieskop (C06)
Annika van der Walt na GK Wierdapark (E01)
Attie en Anél van der Walt met 1 dooplidmaat na GK Wierdapark (E01)
Jaco en Larrie van den Bergh met 2 dooplidmate na GK Wapadrant (A17)

**Gemeenskap beëindig**
Maxi de Lang (C14)
Petro Rabe na KSM (C09)
André van Niekerk (C14)
Oerka van Tonder na ABK (C04)
Jan de Lang (C14)
Christopher en Charlotte Fourie en 4 dooplidmate na AP Kerk Sterkrivier (B12)
Angelique Janse van Rensburg en 2 dooplidmate na Midstream Familiekerk (C15)

**Vertrek sonder attestaat**
Selenta Hamman (C02)
Lodi Olivier (C11)
Dewald Maritz (C06)
Matthys Lourens werk in Egipte (A10)
Dia Garcia Arias (C02)
Henco en Anita Snyman en 2 dooplidmate (B10)




**Beskikbaar by die kerkkantoor @ R130.**

Bring asb die korrekte kleingeld of EVT bewys.






# Baie Geluk

Ons hartlike gelukwense aan ons twee broers, Mukesh Kumar en Riaan Wattel, (*saam met sy vrou Clariska*), wat gedurende die week ondervra is en beroepbaar gestel is in die GKSA.

Ons bid julle God se seën op die bediening.

## Ouers van klein* kinders?

Ons wil mekaar leer ken, dien en ondersteun deur hierdie spesiale fase. daarom het ons 'n informele Whatsapp groep begin om hierdie gemeenskap te vorm en te gesels oor wat ons nodig het en hoe ons mekaar kan dien.

Skandeer die QR kode om aan te sluit by die Whatsapp groep. Indien jy probleme ondervind, stuur gerus 'n boodskap na Maryke **079 258 7040**.

**babas & kleuters is die fokus maar ons wil niemand uitsluit nie.*



# Verjaarsdae
## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 24-Nov | Maryke | Maré | C15 | 0792587040 |
| | Hennie | vd Walt | C11 | 0829274326 |
| 25-Nov | Danae | Coetzee | C07 | 0726218637 |
| | Annelise | Jooste | A04 | 0720429738 |
| | Carien | Raath | B16 | 0662399388 |
| 26-Nov | Nico | Coetzee | C08 | 0827814310 |
| | Irene | Pelser | B05 | 0760155637 |
| 27-Nov | Tanya | Aucamp | A07 | 0731640713 |
| 28-Nov | Gerrie | vd Bijl | A17 | 0833883308 |
| 29-Nov | Gerhard | du Preez | A01 | 0737333337 |
| | Kobus | v Niekerk | C06 | 0832699113 |
| 30-Nov | Juanette | Johnston | B01 | 0732178084 |
| | Kobus | Joubert | A01 | 0798738219 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 26-Nov | Sunelle | Louw | C10 | 0796910128 |
| | Milla | Schutte | B02 | 0798963647 |
| | Anne | vd Walt | A13 | 0812519617 |
| | Barend | vd Walt | A05 | 0795174273 |
| 28-Nov | Ruben | Joubert | A01 | 0747785910 |

## Alethea Outreach 11:00

Worship Service and Holy Communion

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Ds. Maarten van Helden — Heb 12

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Gwendi Gourley sterk aan in Kalafong hospitaal (A15—076 529 1949).
- Letitia Jonker gaan komende week vir 'n heupoperasie (A6—073 143 8967).
- Cornelia Goosen sterk aan na 'n oogoperasie (A9—072 132 7694).
- John Goosen ontvang behandeling (A9—082 825 1702).
- Ryno vd Merwe sterk aan na 'n breukoperasie (E01—082 850 7861).
- Anita Kroep sterk aan in Unitas hospitaal (C14—083 289 3063).
- ***Meelewing*** *word betoon met Marinus du Plessis; Juan en Leonie Nagel en familie na die afsterwe van Marius se Vader.*

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Nagmaal

Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word op **vandag** tydens al drie ons eredienste bedien.

**Nagmaalsete** volg om 12:00. Bring:

- Een slaai per gesin vir gemeenskaplike slaaitafel.
- Eie eetgerei, glase, drinkgoed.
- Stoele. U is welkom om `n gazebo saam te bring.

**Klein advertensies:**

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

Nie-bestraalde, ongefilterde, **rou makadamia heuning** 500g teen R100. Kontak Yolanda Loots 061 266 2161. Aflewering kan gereël word.

## 2024 Geloftefees in Centurion

Plek: **Gereformeerde Kerk Centurion**

Basdenlaan 226, Lyttelton

Datum: **16 Desember 2024**

Aanvangstyd: **09h00**

Geloftediens: Dr. Dewyk Ungerer

Feesrede:Van Rooy van den Berg

Kontakpersone:Charl vd Bergh - 0726987956/

Paul Retief - 082562 9845

Die verrigtinge sal ook gestroom word op

stroom.gkcenturion.co.za

## Bybels

Bybels in al die amptelike tale sowel as in Swazi (Eswatini/Swaziland), Chichewa (Malawi), Shona (Zimbabwe), Frans (DRK), en Portugees (Mosambiek) op aanvraag beskikbaar. Grootdruk Afrikaanse Bybels ook beskikbaar.

Hoe bestel u? Kontak Esmé van den Berg op 083 381 6428.

Afrikaanse Bybels (2020 Vertaling)

Beskikbaar by die kerkkantoor teen R100.

# GTA-AKSIE

Uitstappie na GLYKLIP

Saterdag, 11 Jan 2025

(Gr 7—12)

## Eljada Huis

Baie dankie vir almal se bydraes vir Eljada Huis ! Dit word opreg waardeer!

Vir die komende vakansie benodig hulle egter addisionele kos.

Dink aan hulle as julle inkopies gaan doen en plaas die skenkings in die trollie onder die Olyfboom.

Hulle benodig ook skryfbehoeftes vir die skoolkinders.

Bankbesonderhede: Eljada Huis / NPC; Standard Bank; Spaarrekening; Montana 051001; Rek nr: 044396058

Hennie vd Vyver 084 424 0421

## Jan die Koperkan

Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan.



Kom skenk gerus al u koper/silwer geld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.



## Lydia's Heart Uitreik projek: Peiling

Die doel van hierdie berig is om u in te lig van 'n projek wat onlangs van stapel gestuur is en wat onder die Susters van die Gereformeerde Kerke se aandag gebring is.

Dit is 'n beskeie uitreik aksie, wat gedoop is '*Lydia's Heart*' (meer inligting sal aan belangstellendes verskaf word), van 'n gewone vrou na haar gemeenskap en ook die buiteland. Dit is 'n hekel-hartjie-boekmerk uitreikaksie wat begin is in 2022.

Indien u belangstel kontak:

Heila van Wyk 083 316 3781.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.


**24 Nov**

| | |
|---|---|
| Elize Pretorius | A7, A18 |
| Cecilia Wolmarans | B18 |
| Tia Grünenfelder | C13 |



**1 Des**

| | |
|---|---|
| Hester vd Merwe | B5 |
| Anita Snyman | B10 |
| Mari Coetzee | C11 |



## Kerssangdiens

U word almal uitgenooi na die Kerssangdiens op

1 Des tydens die aanddiens.

Die program sluit in:

- Heerlike samesang met die oog op die Kersgety.
- Kinders word ook uitgenooi om die aand te kom saamsing!!

**Kom loof die Here met lofgesang!!**